## Formidabele ontleding van die SAW se betrokkenheid in die Grensoorlog

**Leopold Scholtz, *Die SAW in die Grensoorlog 1966-1989***
Tafelberg, Kaapstad, 2013
530 pp
ISBN 978 0 624 05408 5
R320.00

Leopold Scholtz se studie oor die Grensoorlog is die jongste toevoeging tot die groeiende, sogenaamde grensliteratuur aangaande Suid Afrika se aandeel aan die konflik in Namibië en Angola gedurende die tydperk 1966 1989. Dit is inderdaad een van die omvattendste publikasies oor die oorlog aangesien Scholtz se werk 'n aantal jare na die einde van die konflik geskryf is. Die skrywer het die voordeel van retrospeksie en sedert die einde van die oorlog het verskeie nuwe bronne daaroor beskikbaar geraak wat die moontlikheid van nuwe perspektiewe op die gevegte meebring.

Scholtz verklaar prontuit dat weens die volgehoue tekort aan bronne vanuit Swapo en MPLA kant 'n ewewigtige boek oor die oorlog onmoontlik is. Meer as 90 persent van die beskikbare bronne is Suid Afrikaans van oorsprong:

> Dit was wel moontlik om met betreklike akkuraatheid 'n geveg of operasie van die Suid-Afrikaanse kant te rekonstrueer, maar die beeld van die ander kant bly meestal in newels gehul. As dit duideliker was, sou my vertolking van sekere Suid-Afrikaanse optredes moontlik anders kon wees (pp ix xi).

Vandaar waarskynlik die titel *Die SAW in die Grensoorlog*. Die skrywer verklaar ook dat sy boek nie polities korrek is nie, dit nie die finale woord oor die Grensoorlog is nie, en dat baie bronne van die Sowjet, Angolese, Kubaanse en Swapo kant vorentoe sal opduik, terwyl die SAW bronne oor die oorlog ook nog nie naastenby uitgeput is nie. Daarby het Scholtz onder andere self as Reserwemaglid met die rang van kaptein in verskeie posisies in die SAW gedien.

Die studie is inderdaad 'n formidabele en lywige in diepte beskrywing en ontleding van die SAW se betrokkenheid by die konflik. Die boek van 19 hoofstukke begin by Operasie Savannah, toe Suid Afrika in Angola na die val van die Portugese kolonie daar betrokke geraak het. Dan volg 'n ontleding van die ontwikkeling van die SAW se militêre doktrine en militêre en veiligheidstrategie tot ongeveer 1977 en hoedat dit aangepas en ontwikkel is tot 'n doktrine van geïntegreerde, gemeganiseerde, mobiele oorlogvoering. Hierdie strategie is verfyn deur talentvolle offisiere soos Constand Viljoen, Joep Joubert, Roland de Vries en Jannie Geldenhuys. Die SAW se agtereenvolgende oorgrensoperasies van 1978 tot 1984 word vervolgens chronologies ontleed. Daar is ook hoofstukke oor die aard van die teeninsurgensieoorlog in Namibië, Swapo se optrede in ballingskap

en internasionale ontwikkelinge. Daarna volg ses hoofstukke oor die operasies wat tot die klimaks van die oorlog, die sogenaamde Slag van Cuito Cuanavale, gelei het, gevolg deur die vredesonderhandelinge en Scholtz se ontleding en sieninge oor wie die Grensoorlog gewen het.

Betreffende die SAW se militêre strategie en agenda was ’n regimeverandering in Angola volgens Scholtz nooit die doelwit nie, maar wel om Swapo tot Angolese grondgebied beperk te probeer hou deur onder andere Unita as pro SAW hulpmag in stand te hou. Scholtz kyk ook eerlik en onbevange na gevalle waar aanvanklike aanvalsplanne (en dikwels swak beplanning van die leëropperbevel in Pretoria) op papier uiteindelik nie met die praktiese uitvoering daarvan geklop het nie, maar dat die SAW se vasberadenheid en goedopgeleide troepe en veldoffisiere tog die operaies merendeel in Suid Afrika se guns laat eindig het. ’n Groot pluspunt van Scholtz se werk is dat dit, benewens ’n chronologiese narratief van die verskilllende SAW operasies, ’n aaneenlopende geheelbeeld van die Grensoorlog bied (weliswaar hoofsaaklik vanuit ’n SAW perspektief), insluitende broodnodige perspektiefstelling en kontekstualisering. Daarby word elke operasie aan die einde van die betrokke hoofstuk ontleed ten opsigte van oorwinnings en verliese, foute begaan en lesse geleer. Vir Scholtz was die Suid Afrikaners se operasionele suksesse aan hulle mobiele oorlogsdoktrine te danke.

Die skrywer deins ook nie terug om kritiek te lewer oor ’n aantal aspekte wat die Suid Afrikaanse strategie en taktiek tydens die oorlog betref nie. Hy is duidelik ’n bewonderaar van die doktrine van gemeganiseerde mobiele oorlogvoering, veral soos verfyn en toegepas deur genl.maj. Roland de Vries en andere (p 461). Trouens, die kern van die boek draai om 61 Gemeganiseerde Bataljon groep en die gevegte van hierdie groep soos wat die oorlog al hoe meer van ’n onkonvensionele na ’n konvensionele karakter verander het. Dit is eweneens opvallend dat die skrywer ten opsigte van primêre bronne baie min van die SANW dokumentasiesentrumbronne gebruik gemaak het, maar merendeels van dié van 61 Meg aanlynargief.

Scholtz lewer onverbloemde kritiek op die leëropperbevel, en by name veral lt.genl. Kat Liebenberg, hoof van die leër teen 1987, en genl. Jannie Geldenhuys, hoof van die SAW, dat die SAW by Cuito Cuanavale na aanvanklike suksesse dit nie met mobiele agtervolging van Fapla magte gekonsolideer het nie (p 303). Omdat die Suid Afrikaanse magte stuksgewys en blykbaar aarselend, i.p.v. met een groot operasie om die vyand te vernietig, in die eskalerende gevegte ingestuur is, het hierdie taktiek die Angolese magte geleenthede gebied om te ontsnap. Die aangewese doktrine van snelle mobiele oorlogvoering om die vyand te uitoorlê, is in die laaste fases van die Grensoorlog ten gunste van attrisie of “uitputtingsdenke” laat vaar (pp 254 255).

Dit skemer ook deur dat die leëropperbevel, anders as die Suid Afrikaanse offisiere in die veld, die Angolese terugvegvermoëns onderskat het. Scholtz se simpatie lê dan ook duidelik by die veldoffisiere. Die SAW het takties en operasioneel nooit voldoende reserwes gehad nie wat hulle taktiese moontlikhede aan bande gelê het omdat die leëropperbevel en politici soos P.W. Botha as gevolg van moontlike politieke reperkussies dit nie wou magtig nie (pp 324 en 331). Ter perspektief stel Scholtz dit wel, soos reeds gesê, dat dit nooit die doelwit van die SAW was om spesifieke gebiede in Angola permament te verower nie, maar slegs om die Angolese en Kubaanse magte te stuit om Unita te oorrompel.

Voorts verklaar hy dat hoewel die Suid Afrikaanse soldate groot respek vir hul Swapo eweknieë gehad het laasgenoemde se leierskap gebrekkig was. Hy het ook nie 'n groot dunk van die Fapla magte nie, maar is van mening dat die Kubane gemotiveerd, dapper en aggressief geveg het. Die gevegseenhede van die SAW se dienspligtiges was meestal goed opgelei en het goed gevaar, maar opgeroepte burgermageenhede was soms tydens intensiewe konvensionele operasies nie opgewasse vir die taak nie, juis omdat hulle militêre kundigheid sedert diensplig agteruitgegaan het.

Aangesien die gevegte in Angola teen 1989 'n strategiese dooiepunt bereik het waarna vrede bewerkstellig is, is die vraag wie die oorlog gewen het eintlik irrelevant omdat sake op die slagveld nooit tot so 'n punt gedryf is nie. Tog, in die lig van die lang openbare polemiek en politieke propaganda sedert die vredesluiting oor wie nou eintlik die Grensoorlog gewen het, wy Scholtz dan ook sy laaste hoofstuk aan die vraag. Maar juis in hierdie opsig raak sy vertolking van die oorlog problematies en verskaf hy self dualistiese antwoorde. Op 'n hele paar plekke is die boek 'n betoog teenoor ander pro Kubaanse standpunte, dat Suid Afrika nie die oorlog verloor het nie, maar in die meeste gevegte die botoon gevoer het, veral teen Fapla. Maar dan word weer verklaar dat niemand werklik die oorlog verloor het nie en dat alle partye "op een of ander manier as wenners uit die konflik getree het" (pp 434, 456, 459 en 462). Aan die ander kant verklaar die skrywer dat Castro wel die propaganda oorlog van die Slag van Cuito Cuanavale gewen het en dat hy 'n meesterlike strateeg was.

Scholtz skryf ook dat die SAW sedert 1987 al hoe meer 'n logistiese onvermoë ondervind het om sy troepe te bevoorraad. Dit het daartoe bygedra dat aanvalle uitgestel moes word wat taktiese voordele verydel het. Teen 1988 het die digte bosse by Cuito Cuanavale aansienlike navigasieprobleme veroorsaak en daartoe bygedra dat die SAW se gevegsplanne om terugtrekkende Angolese magte af te sny, nie na behore uitgevoer kon word nie. Mynvelde het mobiliteit ook al hoe meer belemmer, terwyl moreel verlaag is deur gebrek aan vars kos, wasgeriewe en gevegsonderdele, asook verweerde uniforms en 'n onophoudelike vlieëplaag. In hoofstuk 17 erken Scholtz dat die SAW ná Cuito Cuanavale nie meer instaat was om Angola, veral wat die lugmag betref, offensief met 'n groot mag aan te val nie. Derhalwe is daar teen die middel van 1988 'n defensiewe plan vir die verdediging van Suidwes Afrika se grense in die geval van 'n Kubaanse aanval voorberei.

Scholtz gee ook toe dat die Suid Afrikaanse lugmag se Mirage C2 en Mirage F1AZ vegvliegtuie teen die 1980s verouderd was en eintlik reg deur die oorlog "die spyt afgebyt het" (p 407). Die Suid Afrikaanse vlieëniers se opleiding was volgens hom egter van beter gehalte as dié van die Angolese en Kubane. Hy kom tot die gevolgtrekking dat wat luggevegte betref, die oorlog onbeslis geëindig het (p 412). Desondanks lei mens af dat sou die oorlog voortgesit gewees het nadat die Kubaanse magte hulle teen 1989 naby Calueque bevind het, die Suid Afrikaners as gevolg van 'n gebrek aan voldoende mannekrag en oorlogstuig, veral wat vegvliegtuie betref, waarskynlik in gevegte nederlae sou ly. Dus, wat die kwessie betref van wie die oorlog dan nou sou gewen het, bly dit in die woorde van die Nederlandse historikus Pieter Geyl "een discussie zonder eind".

Op bladsy x verklaar Scholtz dat dit sy "taak as historikus is om die verlede so akkuraat moontlik te rekonstrueer, om die feite so billik moontlik te ontleed en so goed moontlik te verstaan". In hoofstuk tien, waar Swapo en sy Plan weermag

behandel word, maak hy egter geen geheim van sy anti kommunistiese sienings nie en verbind Swapo gedurende die Grensoorlog aan kommunisme. Dis jammer dat die skrywer nie meer informasie aangaande Swapo se motiewe en optredes teenoor sy eie mense kon bekom nie. Daar word slegs inligting aangaande Swapo se vervolging en marteling van sy eie afvallige volgelinge weergegee wat die organisasie se beeld in die boek uiteraard hoofsaaklik negatief vertolk. Daarteenoor word die beweerde menseregteskendings van die Suid Afrikaanse veiligheidsmagte, veral ten opsigte van Koevoet, baie lukraak behandel. Die sigwaarde van die beweerde menseregte oortredings deur Suid Afrikaanse soldate, waarvan daar baie in kontemporêre media van die tyd verskyn het, is dus glad nie in diepte ontleed nie. (In alle regverdigheid moet egter genoem word dat Scholtz hierdie kwessie wel ten opsigte van Suid Afrikaanse troepe by die Slag van Cassinga deeglik onder die loep neem). Koevoet was een van die kardinale gevegsgroepe wat die gewaande en ongeoorloofde Swapo inval van Maart 1988 in Suidwes Afrika help afweer het en mens sou graag meer van hulle aandeel wou lees.

Verder is dit ook so dat Scholtz minimale aandag gee aan die periode 1976 1977 van die Grensoorlog, die tydperk van die sogenaamde "korporaalsoorlog", behalwe om te sê dat die dienspligtroepe in daardie stadium nie goed teen Swapo opgeweeg het nie. Hoewel dit grotendeels korrek is, is daardie gedeelte van die Grensoorlog nog basies onaangeraak deur skrywers, en die heldedade, suksesse en mislukkings van daardie periode moet beslis nog aangespreek word. Mens sou ook graag wou weet, watter rol die Suid Afrikaanse vlootoffisier en Sowjet spioen, Dieter Gerhardt, gespeel het om Russiese en Kubaanse raadgewers vooraf te waarsku van komende oorgrens SAW operasies in Angola. Gerhardt was tydens die Grensoorlog die hoof van die Simonstad vlootbasis. Elke keer as 'n groot oorgrensoperasie plaasgevind het, het 'n Suid Afrikaanse vlootskip, waarvan Gerhardt geweet het, op dieselfde breedtegraad aan die Anglolese kus gelê om radioseine vir die SAW te herlei. Die rol van die *recces* wat onontbeelike taktiese informasie aan die SAW tydens gevegte verskaf het, word wel waar van toepassing in die relevante hoofstukke genoem. Maar wat van hulle eie gevegte, soos waar sewe van hulle teen 'n oormag van Swapo of Fapla lede heroïes gesterf het en die mislukte "Cabinda avontuur"? En wat van die kwessie van Suid Afrikaanse krygsgevangenes soos Johan van der Mescht en Wynand du Toit? Ander kleiner kwessies wat pla, is dat die grootste gedeele van hoofstuk 11 oor Kuba, die USSR en Unita in Angola struktureel dalk beter by die begin van die boek sou ingepas het. Scholtz is soms ook geneig tot oordrewe beeldspraak, bv. "Die groot gepanserde kolosse [Suid Afrikaanse tenks] het soos onkeerbare prehistoriese monsters vorentoe beweeg en alles en almal letterlik onder hul rusperbande fyngemaal" (p 301).

Maar ten spyte van bogenoemde kritiek, is Scholtz se boek, vanuit 'n Suid Afrikaanse oogpunt beskou, goed nagevors en as gesoute joernalis beskik hy oor 'n goeie verhalende skryfstyl. Die boek lewer 'n goeie bydrae tot die historiografie van die Grensoorlog, waarvan die skywer tereg self sê die finale woord nog nie geskryf is nie. Scholtz se boek word aanbeveel vir krygshistorici en belangstellendes in die Grensoorlog. (Die resensent was self 'n dienspligtige wat grensdiens in die 1970s gedoen het).

*Wessel Visser*
*Universiteit van Stellenbosch*